TOULEIER

In Korea begin die bekbrand met brefkfis

Hoofstuk 2 Deel iv

Die mensies van die Filippyne tel onder my top vier gunsteling nasies. Hulle is samehorig, hardwerkend, vriendelik, eerlik en getrou. Daarby is hulle baie familievas en vreeslik godsdienstig (Katoliek) asook baie sosiaal. In Hong Kong het ek gesien hoe hulle naweke gereeld in groot groepe op openbare pleine en in parke bymekaar kom. Daar word dan in groepies piekniek hou of net gesit, gelê, of gestaan en gesels. Die werkerbye wat 'n breek nodig het.

Oral in Asië en veral in die Midde-Ooste, skop jy 'n Filippyn omtrent agter elke tweede bos uit. Dis omdat hulle bereid is om goedkoop en hard en enige plek te werk. Hulle is die Ooste se middelklaswerker. Meeste het goeie tersiêre opleiding en blink veral uit as kinderoppassers, sekretaresses en verpleegsters, terwyl die mans van voormanne tot ingenieurs in konstruksie is.

Meestal pragtige mooi meisies wanneer hulle jonk is, maar vrek lelik aangaande die tyd sy afdruk begin maak. Nogal 'n rare groep mense met ietwat vreemde eetgewoontes. Hulle is deur die bank mal oor varkvleis en sal duur daarvoor betaal. Veral hier tussen die lapkoppe waar vark baie skaars is. Hulle het 'n vreeslike soet tand en hoewel hulle gewoonlik klein en fyn gebou is, word hulle baie gou mollig van te lekker eet. Tot hulle pasta het suiker in. Hulle eet ook hond. Gewoonlik darem die buurman s'n, darem met sy toestemming, want môre kom haal hy weer joune.

Dan is daar balut. Dis gewoonlik 'n bebroeide ganseier waarvan die kuiken toegelaat word om te ontwikkel tot dit amper tyd is dat hy uitbroei. Dan kook hulle hom en jy is veronderstel om eers versigtig die dop te breek aan die een kant en dan die sousies uit te suig alvorens jy die res van die kuiken verslind. Vere en al. Ek het nog nooit so honger gehad of soveel moed gehad om eers te daaraan te dink om een te proe nie.

Ons konstruksiekamp het soort van gesorg dat al drie 'gemeenskappe' darem die soort kos gekry het waaraan hulle gewoond was. Omdat ek saam met die Koreane gewerk het, was my dieet meestal goed deurspek met skerp smake en sal ek maar sê, nog sterker geure. Van rooi tot vuurwarm. Die bekbrand begin al met brekfis.

In die Korea lê hulle in die wintermaande kymchee in kleipotte in. Dis 'n soort kool wat goed gespesery word, veral met knoffel en sommer baie rissies. Die lekkerny word dan saam met omtrent alles geëet. Op die tafel is ook gewoonlik ook altyd 'n houer met gedroogde seewierblare. Aanvanklik was ons maar effe katvoet vir hierdie nuwe poskaartgrootte groen droë papierdun vierkantige velle met die vars reuk van die see. Kamermaatjie, wat intussen by ons aangesluit het, het eerste begin proe aan hierdie eksotiese produk. Sy is vandag steeds mal daaroor. Ek weer het 'n voorliefde gekweek oor die kymchee, veral saam met koue varkvleis.

Gelukkig was ek as Westerling beskou as informant oor die Koreane se kamtige slinkse planne om die kliënt te bedonder en is ek elke naweek uitgenooi na die Amerikaners se gereelde braai. Die koue biere word dan uitgepak en terwyl ek my braaivleislus blus en ons veerpyltjies speel tot laataand, voer ek hulle met onskuldige stukkies skinderkos. Terselfdertyd pols ek weer van my kant af die lang, lenige baas van Texas met sy tipiese stetsonhoed en sy enorme beltgespe waarmee jy 'n bees kan doodslaan, oor wat hy beoog met my en die kontrakteur. So bly koester ons die ou Oos-Wes agterdog jeens mekaar.

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Kan jy dit oorvertel?

Hierdie stoele is in 1939 gedurende die Tweede Wêreldoorlog in Pole uitgesit vir 'n bruilofseremonie. Die huwelik moes egter gekanselleer word weens die Duitse inval.
Hulle staan nog op dieselfde plek en word jaarliks oorgeverf.

Afrikaans bly maar 'n taal wat raak vat!

Ken jy iemand met lang wenkbroue soos 'n skilderkwas? Met waterige oë soos 'n fonteinpadda en wegstaan-ore soos 'n windskerm? 'n Afdraandgesig soos 'n wasklip?

Jy sal waarskynlik wil dink of jy van iemand weet wat aan hierdie grafiese beskrywings voldoen, maar ons omgangstaal is deurspek met sulke kleurryke uitdrukkings.

Ons kom immers uit die stal van goeie, landelike mense, wat na aan die aarde gelewe het, maar ook nie altyd met finesse na hul medemens omgesien het nie.

Die vergelyking vorm gevolglik 'n groot en onlosmaaklike deel van Afrikaans se ryke skat van idiome.

Historiese humor

EK hou van varke. Honde kyk op na ons, katte kyk af na ons. Varke behandel ons soos gelykes.
- Sir Winston Churchill

Limeriek

'n Middeljarige man genaamd Attie
sê een aand aan sy vrou "my skattie
jy moet harder probeer
en minder spandeer
anders sien ek binnekort my gattie".

Onthou julle nog?

**Gee my KOFFIE vir die dinge wat ek in staat is om te verander.
En gun my WYN vir die dinge waaraan ek niks kan doen nie.**

Die herkoms van gesegdes (52)

Waai: Niks met iemand uit te waai hê nie (niks met iemand te doen hê nie)
Om met alle winde saam te waai, beteken om met almal saam te stem; dus beteken dié uitdrukking om glad nie met iemand saam te stem nie. Om iemand te laat waai, is om hom te los sodat hy deur die wind weggewaai word; dus weer eens om niks met hom te doen te hê nie.

Water: Van die eerste water (van die hoogste gehalte; in die grootste mate)
Eintlik water van die eerste graad van suiwerheid; ontleen aan 'n edelgesteente waarvan die glans water genoem word omdat die kleurskakering en die glinstering aan golwende water herinner.

Weste: Buite weste wees (bewusteloos, verward)
Vroeër het dié uitdrukking ook beteken "die koers kwyt wees, die sinne kwyt wees". Dit het eintlik letterlik beteken om ver wes van jou gewone koers te vaar en onseker te wees oor waar jy jou bevind. Dit sou skippers verwar. "Bewusteloos" is 'n latere ontwikkeling in betekenis.

Duskantlander in Anderkantland

Pak jou Tarzan-borshare in!

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana

Oumense weet hoe om goeters op te gaar. Toenterjare werk ek agter 'n toonbank in die Britse paspoort- afdeling in Akkra. Nou sien, Ghana was mos ook 'n Britse kolonie, en daai tyd het hulle honderde der duisende Wes-Afrika boorlinge in Brittanje geleerdheid gegee. Heeltemal gratis en verniet. Hulle het mekaar gevind, oor die water, kinners by die dosyne gekry en deesdae staan daai kinners op strepe reg vir Britse paspoorte.

So begin die ding weer van voor af, daai gratis leerdery oor die water en als. Kinders wat daar in Engeland gebore was het name soos James, Arthur, Martin, John, Paul en Timothy gekry. Elke tweede meisiekind is Mary, Elizabeth of Anne genoem.

Om 'n Britse paspoort te kry is nie kinnerspeletjies nie, behalwe as hulle binne gemeenskap of op Britse grond gebore is. Die eerste afskrikmiddel is 'n verskriklike lang lys dokumente en die tweede is die prys van die paspoortaansoek. Boorlinge van Akkra skrik nie maklik nie. Hulle arriveer met 'n soetkys vol geel-oor vlentertjies papiere. Elke ding op papier het waarde. Het dit nou 'n lintstrikkie of spatseltjie glitter by, is dit in sneespapier toegedraai. Bootkaartjies – ja daai tyd het hulle nog vir drie weke geskip oor die water.

Vandag arriveer hulle nog net so per skip in Italië – daars net geen bootkaartjies of plek in die universiteit nie.

Hulle haal met trots swart-en-wit-kiekies uit; wys kindergesiggies in grootwiel stootprêms, toegewikkel in spierwit kant en wol. Op party foto's staan piepklein Afrikakindertjies kniediep in spierwit sneeu – jy sien net ore. Sonder die tradisionele snystrepie patrone op die wange. Gedwee vertel hulle van al die reekse inentings en stoot 'n kliniekgesondheidskaart onderdeur die koëlvaste glas. Dan is daar die doop gelukwensingskaartjies. Regte egte outydse geel geblykte tweereël geplakte telegramme van Akkra met doop gelukwensings.

As 'n Britse geboorte bevestig is, moet mens net bevestig die nuwe jong studentekind voor jou nog dieselfde Britse geboorteling is.

Alle aansoeke was nie so volledig nie. Sodra die nuut gegradueerdes na Wes-Afrika terugkom, het veel erger dinge hulle oorgekom. Sommige se rekordhouding het sporadies gevolg. Baie minder kiekies is geneem. Mense het nie meer bankboekie inskrywings gemaak nie. Meeste het gevoel al daai inentings was totaal oorbodig. Tradisionele dokters maak nie kliniekkaartinskrywings nie. Hulle het nog stringe kinders bygehad waarvan enkelinge polio, tifoïed, ontwatering, klinkhoes, malari, waterpokkies, geelsug en skarlakenkoors oorleef het. 'n Vrou in Wes-Afrika het gemiddeld agt kinders waarvan twee of drie in daai tyd oorleef het.

Hier en daar is 'n skoolrapport met ander lokale kindername. Handgeskryf met reënwatermerke en motgate. In Engeland moes hulle inpas met fênsie Ingelse name, maar hier in donker Afrika dra jou naam 'n swaar betekenis. Meeste ouens weet nie wanneer hulle gebore is nie. Jy kry antwoord soos "in the rainy season", of "after my third born suster." Maar hierlangs het elke jaar het drie reënseisoene. Verjaarsdae word nie hier gevier nie. Net naamgeedag en 'n groot opperste paartie as jy die dag in sooie toegeskoffel word.

Ons soek net ore op die kiekies. As die kind hier voor jou staan kyk jy diep na die ore. Die een ding wat van kindsbeen nooit veel verander nie is jou ore. En daardie wangsnyseltjies word net gedoen deur die hoofman of stat se tradisionele dokters vir kinders jonger as twee jaar. Dit dui aan van watter stat of area jy afkomstig is. Hierso noem hulle dit '*beautification*'.

Ook maar net mens. Party prober enige truuk om ietsie soort van verniet te kry. Die gevolg is dat menigte voornemende student 'n paspoort geweier is omdat hulle totaal en al ander ore het as tydens geboorte, of splinternuwe mooimaak wangsnyselstrepies het. Natuurlik was DNA toetse en tanne skanderings (om ouderdom te bepaal) 'n opsie, maar minder as twee present het positiewe resultate gelewer.

Mense lieg, maar kiekies lieg nie.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

SUID-AFRIKA SE NUWE JEEP

Bespaar op petrol. Noodwiel, truspieël, agterste windskerm-veër, voorste stamper en klankstelsel met haasore.

Het julle gesien watse goed jy in Engeland kan koop!

ONGELUKKE

Toyota SA het die tegniese fout gekry wat veroorsaak het dat so baie minibusse rol. Die probleem lê glo by die moer wat die stuurwiel vashou.

Die duiwel sug as my skoonma soggens opstaan

DIE GEHEIM

Pieter wys sy seun hoe om die ritsluiter van die sweetpak toe te trek. "Die geheim is," sê hy " . . . is om eers seker te maak dat die hakkie van die een kant mooi in die ander pas!"
Sy seuntjie kyk hom met 'n frons aan en vra "Hoekom moet dit 'n geheim wees?"

VOORUITBEPLANNING

Mike en sy vrou besef hulle moet bykom in die nuwe Suid-Afrika en besluit om 'n swart babatjie aan te neem.
Nie lank nie, toe laat weet die sosiale werkster dat daar 'n pasgebore babatjie beskikbaar is, en hulle hom maar kan kom haal. Hulle maak so, en op pad huis toe hou hulle met baba en al stil by die tegniese kollege, en skryf in vir 'n Zoeloekursus.
"Want," sê Mike, "dis net 'n jaar dan begin die mannetjie praat..."

PETOORSIE

Klein Petoorsie kom van die skool af en sê hy het 'n F vir wiskunde.
"Hoe de hel kry jy dit reg?" vra sy pa boos.
"Wel, die juffrou het gevra wat is 2x3, en toe sê ek dis 6."
"Maar dis korrek!" sê sy pa.
"Ja, maar toe vra sy my wat is 3x2."
"So," sê sy pa, "wat is die donnerse verskil?"
"Ja, pa, dis mos wat ek ook gesê het!"

OUMA KOM KUIER

Jannie vertel opgewonde in die klas dat sy ouma vir hulle kom kuier.
"En waar bly jou ouma?" vra die juffrou.
"Op die lughawe. Elke keer as ons wil hê sy moet kom kuier, gaan haal ons haar daar. En as sy klaar gekuier het, vat ons haar terug."

Louis, die Laeveld-leeu

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Waar is die trein as jy hom nodig het!

Die man en sy vrou is met vakansie en boek by 'n hotel in.

Die man wil iets gaan eet, maar sy vrou is baie moeg en besluit sy gaan liewer dadelik bed toe.

Sy gaan lê op die bed, en net toe kom 'n stroomtrein baie naby aan die venster verby, sodat die kamer so erg skud dat sy uit die bed val.

Sy het gedink dis seker maar 'n fratsgebeurtenis en gaan lê weer. 'n Paar minute later gebeur dieselfde ding en sy val weer van die bed af.

Baie moeg en ontsteld bel sy ontvangs en vra na die bestuurder, wat toe sê hy is reguit op pad na haar toe.

Die bestuurder is baie skepties, maar die vrou verseker hom haar storie is eg.

"Kyk, lê hier op die bed en kyk self wat gebeur." Die bestuurder gaan lê toe langs haar op die bed.

Net toe loop die vrou se man by die deur in en sien die twee op die bed.

Hy pluk sy rewolwer uit en skree: "Verduidelik! En dit beter baie goed wees, want ek skiet maklik!"

Die bestuurder het natuurlik sy melk weggeskrik, maar sê: "Ek wag vir 'n trein!"

Suinige Skotte

In Skotse restaurante maak hulle die messe warm om op botter te bespaar.

McDougal stap by die viswinkel in. "Ek soek 10 pennies se tjips met baie sout en asyn en 2 pennies se piekeluie.

"En draai die hele lot in vandag se koerant toe."

GALGEHUMOR oor die groot stap

♦Om te trou is soos om uit te eet saam met vriende. Jy bestel wat jy wil eet, maar sodra jy sien wat jou vriend kry, wens jy jy het ook liewer dit bestel.

♦Man: Wat is die geheim vir 'n lang lewe?
Dokter: Trou
Man: Sal dit help?
Dokter: Nee maar die gedagte van 'n lang lewe sal nie weer opkom nie.

♦Hoekom hou 'n paartjie hande by hul troue?
Dis maar dieselfde ritueel as wanneer twee boksers voor 'n boksgeveg hande skud.

♦Vrou: Liefie, dis vandag ons huweliksherdenking, wat sal ons doen?
Man: Kom ons handhaaf twee minute stilte.

♦Dis snaaks dat mense die verskil bespreek tussen 'n gereëlde troue en een uit liefde en 'n vrye keuse.
Dis soos om die verskil tussen moord en selfmoord te bespreek.

♦Indien jy getroud is, ignoreer hierdie boodskap:
Aan al die ander, gelukkige mense: onafhanklikheidsdag!

♦Voor jy trou sal 'n man heel nag wakker lê oor iets wat jy gesê het. Ná die troue raak hy aan die slaap nog voor jy klaar gepraat het.

♦'n Man ontvang 'n telegram: "Vrou oorlede, moet ons haar veras of begrawe?"
Hy antwoord: "Hoekom kanse vat? Brand haar en begrawe die as."

♦Man in Boekwinkel: "Waar kan ek die boek 'Man, Meester van Vroue' kry?
Antwoord: In die fiksie-afdeling, meneer.

♦Daar was die ou wat sy meisie vertel het hy sal vir haar deur hel gaan. Nou is hulle getroud, en hy doen sy belofte gestand.

♦Hoekom laat die wet nie toe dat 'n mens met twee vroue getroud mag wees nie?
'n Mens mag nie vir dieselfde oortreding twee keer gestraf word nie.

As ek 'n man ontmoet, vra ek myself af:
Is dit die man met wie ek wil hê my kinders hul naweke moet deurbring? -- RITA RUDNER

KARRE SNEEU EN PARKERING

Op 'n bitter koue wintersoggend in Dublin was die man en die vrou besig om na die oggendnuus te luister.

Die omroeper sê daar gaan agt tot tien duim sneeu val. Mense moet hul motors aan die kant van die gelyke nommers in die straat parkeer.
Die vrou gaan toe uit en parkeer haar kar so.

'n Week later luister hulle weer nuus. Die omroeper sê daar word 10 tot 12 duim sneeu verwag en mense moet hul motors aan die kant van die straat met ongelyke nommers parkeer, sodat die sneeuploeë kan verbykom.
Die vrou het weer uitgegaan en so gemaak.

'n Week later luister hulle weer ontbytradio. Die omroeper sê: "Daar word 12 tot 14 duim sneeu voorspel. Mense moet hul karre asseblief aan die kant van die straat . . . " en toe gaan die krag af.

"Ek weet nou nie wat ek moet doen nie," sê die vrou ontsteld. "Waar moet ek die kar parkeer sodat die sneeuploeë kan deurkom?!"

Met al die liefde en begrip waaroor mans met blonde vroue beskik, antwoord hy:
"Hoekom los jy nie net die blerrie kar hierdie keer in die garage nie?"

Oorywerige posman

'N POSMAN het twee mans aangeval wat besig was om 'n vrou in 'n wurgroof aan te val - sonder dat hy besef het hulle is akteurs wat besig was met 'n toneel vir 'n TV-program.

Neil Filer (40) get gesien hoe twee groot mans 'n vreesbevange vrou teen 'n muur vasdruk, en het een van die 'wurgrowers' met sy possak bygekom en die 'slagoffer' probeer bevry.

Sy 'reddingspoging' is deur lede van die filmspan onderbreek, en al die akteurs het uitgebars van die lag.

Hoe kan jy só 'n hond blameer?

'n Ouerige hond wat baie moeg gelyk het, het by 'n man se erf ingestap. Die man het sy halsband ondersoek en kon dadelik sien dat hy goed gevoer word en 'n huis het.

Die hond het hom in die huis in gevolg en in die sitkamer op 'n rusbank gaan lê en begin slaap.

Ná 'n uur het die hond wakker geword, deur toe gestap en die man het hom uitgelaat. Die hond het sy stert geswaai en geloop.

Die volgende dag het die hond aan die deur gekrap. Die man het oopgemaak, die hond is reguit sitkamer toe en het hom weer gerieflik gemaak en begin slaap.

Dit het dae lank aangehou en die man het baie nuuskierig geword. Hy heg toe 'n boodskap aan die halsbrand:

"Jou hond kom dut elke dag by my."

Die volgende dag was die hond weer daar, met 'n nuwe boodskap aan sy halsband:

"Hy woon in 'n huis met vier kinders. Hy probeer slaap inhaal. Kan ek maar môre saamkom?"

Stamboom

Help ons familiesoekers

ERASMUS magdav1@mobileemail.vodafonesa.co.za
Soek na kinders van Christoffel Diederik Johannes Erasmus, gebore tussen 1910 en 1916 van Vryburg se wereld. Name kan ook in ander volgorde voorkom.

KUHN wimpiedp@vodamail.co.za
Ek is op soek na my pa se stamfamilie Carel Frederick George Kuhn. Gebore 1913.02.03 Steenbokpan. (Dogter, Marina du Plessis van Ellisras)

SCHOEMAN daan@daanschoeman.co.za
Ek is op soek na 'n kopie van die boek: Schoeman Geslagsregiter - ISBN 0-620-29135-4. Skrywer HJ v S Schoeman. Blykbaar reeds uit druk.

SISSERO sueannoswald@gmail.com
Ernst Sissero born 1914 in Cape Town. His daughter, my aunt is currently searching for her siblings. She is currently searching for her sister (name unkown). Ernest was Indian.
Details of great grandfather, Willem Petrus du Plessis born 1889. Father's name was Jan du Plessis. He died in 1975 in Graaf Reinet in South Africa. He married an Indian lady. Please help with information.
OSWALD related. The 5 Scottish brother's soldiers. One was great grandfather Christopher Alexander Oswald born 1880. They came to South Africa during the war somewhere around 1914 -1936. Grandpa given surname Daniels (Stafford). Related to Philip Stafford also from South Africa. I believe someone must know something about these surnames.

WEBSTER didimus1@outlook.com
Sidney Grey Webster. Getroud met Alice Maud Nelly Webster (nooiensvan Powrie)

Dinge wat honde haat

'n Hond haat dit as jy:

1. Stink poep en hom die skuld gee.
2. Op hom skree omdat hy blaf.
3. Met hom gaan stap, maar weier dat hy die wêreld verken.
4. Truuks van hom verwag, soos om kos op sy neus te balanseer.
5. Sy hare sny en linte insit. Nou weet jy ook hoekom honde jou goed kou as jy nie tuis is nie.
6. Maak of jy 'n stok gooi en hom kul. Mooi, jy het 'n hond geflous! Wat 'n trotse oomblik vir die boonste laag in die voedselketting!
7. Kwaad word as hy jou gaste se lieste beruik. Jammer, honde het nog nie geleer hande skud nie.
8. Ontsteld is wanneer hy homself lek - terwyl jy eintlik net jaloers is.

AFRIKAANSE MATROOS

'n Afrikaanse matroos swem op 'n verlate eiland uit, waar hy tot sy groot verbasing 'n mede-Afrikaner ontmoet.
"Jy is die eerste mens wat ek tien jaar sien," sê die eilandbewoner. "Ek is nog al die tyd die enigste mens op die eiland."
Matroos: "Hoe kan dit wees? Ek sien dan hier staan drie hutte?"
Bewoner: "Dis reg. Een is my huis. Die tweede is die kerk waarheen ek elke Sondag gaan. Die derde is die kerk waaraan ek vroeër behoort het."

VREEMDE DINGE GEBEUR IN JAPAN

'N JAPANSE brandweerman wat die afgelope 20 jaar honderde brandweerwaens en ambulanse bestuur het, is afgedank nadat dit aan die lig gekom het dat hy nie 'n rybewys het nie.
Die man se familie was hiervan bewus, en het hom daagliks na en van die brandweerstasie vervoer, waar hy agter die stuur van brandweerwaens en ambulanse geklim het.
Toe hy betrap is dat hy sy pa se rybewys gebruik, is die salaris van die stad se brandweerhoof, sy assistent en ander senior amptenare as straf vir een maand met 10% gesny.

Hoe koud is KOUD?

KAMMANUUS SE TEMPERATUURGIDS

* 30 grade: Natallers soek hul truie (as hulle het)

* 25 grade: Namibiërs skakel hulle verwarmers aan

* 20 grade: Natallers bewe onbeheerbaar

* 15 grade: Italiaanse karre wil nie vat nie

* 10 grade: Franse karre wil nie vat nie, Nederlanders gaan swem

* 5 grade: Natallers huil bitterlik

* 0 grade: Water vries

* -5 grade: Kat dring daarop aan om saam met jou op jou bed te slaap, Nederlanders eet roomys, Kanadese gaan swem

* -10 grade: Politici begin gesels oor haweloses, New York se water vries

* -15 grade: Russe trek T-hemde aan

* -20 grade: Duitse karre wil nie vat nie, oë vries toe wanneer jy hulle knip

* -25 grade: Party Russe kry koud, Namibiers vries dood.

* -30 grade: Kat dring daarop aan om binne-in jou pajamas saam met jou te slaap

* -35 grade: Politici doen iets in verband met haweloses. Nederlanders grawe sneeu weg. Japannese karre wil nie vat nie.

* -40 grade: Natallers verdwyn. Jy beplan 'n twee week lange warm bad. Sweedse karre wil nie vat nie

* -45 grade: Kanadese trek truie aan. Jou kar help jou beplan aan jou vakansie na warmer dele

* -50 grade: Russe maak hul badkamervensters toe

* -55 grade: Prokureurs sit hulle hande in hul eie sakke

ONSKULDIGE BOTTEL

Gammat sit op die sypaadjie en bepeins sy lot.
Hy't sy werk verloor, sy vrou het die kinders gevat en hom geskei.
Hy sien 'n kis met bierbottels en loop soontoe.

Hy vat 'n leë bottel, smyt dit teen die muur en skel:
"Djy issie reason lat ek nie 'n vrou hettie!"

Hy vat 'n tweede bottel: "Djy issie reason lat ek nie my kinners hettie!"

Derde bottel: "Djy issie reason lat ek nie 'n job hettie!"

Hy vat die vierde bottel en sien dis nog nie oopgemaak nie - vol bier.

Hy sit die bottel versigtig eenkant neer:

"Staan djy eenkant toe, my broe'. Ek wiet djy wassie involved nie..."

AGTEROS

Net voor uitspantyd

> Kortom, jou pa se grootste vrees in hierdie lewe is dat jy is soos wat hy was.

Deur SOPHIA KAPP

'n Vryery is nie 'n maklike ding nie. Daar is soveel gevare en bedreigings verbonde aan enige voorgenome verhouding. Die pelle, om mee te begin. Want dit kan wees dat een van hulle 'n oog op dieselfde meisiekind as jy het.

As sy jou kies bo hom, is jy sy vriendskap kwyt en as sy hom kies bo jou, is jy jou hart kwyt. Dis 'n verloorspul, maak nou nie saak hoe suksesvol jy is nie.

Die enigste slegter scenario is dat sy een van jou pelle se eks is. Want sy gaan jou beskuldig van 'n nota-uitruilery en hy gaan jou beskuldig van diefstal, al is jy te naïef om te weet waaroor dit nou eintlik is waaroor jy moet notas uitruil of wat dit is wat jy sou gesteel het.

En dan is daar natuurlik nog haar BFF's, haar BFFACC's, haar BFFL's, haar GBF's en haar homies, wat almal om een of ander rede die gesag het om jou teenwoordigheid in haar lewe goed of af te keur.

Maar niks, niks, niks is so erg soos Die Pa nie. Hy is die man in haar lewe; haar eerste liefde; die een wat die heel beste weet watse gevare jy alles vir haar inhou. Kortom, sy grootste vrees in hierdie lewe is dat jy is soos wat hy was.

Hierdie skrikwekkende verwikkeling het onlangs in vriende se huis plaasgevind. Die jongejuffrou is vyftien en sexy en die manne begin belang stel. Sy is nie dom nie, sy gee hulle kans om klaar te pronk, en uiteindelik is daar een wat haar geval.

Aan die etenstafel kom die aankondiging: sy "date" nou.

Die ma is pragmaties: sy nooi oor, gesels, vra uit, luister en gee die jongman genoegsame geleentheid om sy ware kleure te wys. Sy weet sy kan nie die gety keer nie, maar sy kan bepaal waar haar kind op die strand is as hy inkom.

Die pa is nie met soveel insig of geduld geseën nie. Hy brom, nie vreeslik onderlangs nie. Hy boor gate in die tuinmuur wat hy nie daarin wou gehad het nie. Hy stook 'n vagevuur in die ingeboude braai vir agt tjoppies en 'n stringetjie wors. Hy drink ses biere in plaas van sy gewone twee. Niks help nie, die mannetjie bly 'n steen des aanstoots.

Maar die bom bars toe die tweetjies ná middagete boontoe verdwyn om te gaan YouTube. Die pa is rasend. Wat vir 'n seunskind kyk nie op 'n Saterdagmiddag krieket nie? En wat is 'n gejoetjoep? In sy huis, nogal!

Die ma paai en probeer die gemoedere kalmeer. Help liewer vir Boetie met sy skoolwerk.

Boetie gaan haal ewe gedwee sy boeke. "Pa, ek het huiswerk vir Afrikaans. Idiome. Wat beteken 'iemand die loef afsteek'?"

"Ek weet nie," bulder die pa. "Maar gaan sê jy vir daai boyfriend van jou suster as hy 'n vinger op haar lê, steek ek sy loef vir hom met 'n graaf af!"

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 7 SEPTEMBER 2015